

7

WAAROM HET DIE KERK HERVORM?

Die Kerkhervorming

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders leer hoe die vroeë kerk verval het, tot die Roomse Kerk wat hervorm moes word.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- wat die Kerkhervorming genoodsaak het;
- dat die kerk gebou word op die voorskrifte van die Bybel;
- valse leerstellings is dwaling;
- dit was nodig dat die kerk hervorm en altyd bly hervorm; en
- die ware kerk is daar waar die evangelie suiwer bedien word, sakramente reg bedien word, en die tug toegepas word.

Gesindheid

Die kinders moet erken dat –

- die Bybel die Woord van God is; en
- alles wat ons nodig het vir ons verlossing, in die Bybel uitgespel word.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- met die dominee skakel en vir hom of haar vra om in twee sinnetjies te sê waarom die kerk voortdurend moet hervorm; en
- in hulle boeke neerskryf wat die dominee gesê het.

MEER INLIGTING

Die verval van die Roomse Kerk het reeds in die tweede en derde eeu na Christus begin. Die gelowiges het die blye boodskap van verlossing deur Jesus Christus nie meer as 'n geskenk van

God uit genade aanvaar nie. Die gedagte was dat die mens deur eie inspanning sy verlossing moes verdien. Die gevolg was dat enkelinge as kluisenaars in afsondering gaan woon het om sodoende van die sondige wêreld te ontvlug en 'n lewe tot eer van God te lei. In die vierde eeu het die kluisenaarslewe 'n massabeweging geword en het groepe kluisenaars – monnike – georganiseer begin saamwoon en -werk. So het die kloosters ontstaan. Die monnike in die kloosters het geglo dat hulle hulle eie saligheid kon verdien deur die slaafse onderhouding van die kloosterreëls. Dit is 'n verdraaiing van die Bybelse leer, en sodoende is God en sy Woord op die agtergrond geskuif. Die klem het nou op die mens en sy verdienstelike lewe geval.

Die leer van die kerk en die lewe van die gelowiges is tydens die Middeleeuse periode (500 -1500 nC) deur hierdie wanopvatting oorheers. Dit het aanleiding gegee tot geestelike verval en agteruitgang in die kerk. Die kerk het mettertyd die struktuur van 'n wêreldse ryk begin aanneem: Die biskoppe wat as opsieners die belangrikste amp in die gemeentes van die groter stede beklee het, het as aartsbiskoppe beheer en toesig oor 'n hele aantal kleiner gemeentes verkry. 'n Aartsbiskop was 'n hoofbiskop. Oor die aartsbiskoppe is patriarge aangewys. Patriarge was kerklike hoofde van landstreke wat in Rome, Konstantinopel, Alexandrië, Antiogië en Jerusalem gesetel was. Die hoof van al die *range* van biskoppe is die pous genoem.

Die gesag van die pous was nie net tot die geestelike en godsdienstige sy van mense se lewens beperk nie, maar hy het ook beheer oor die politiek gehad. Die pous se ideaal was om die kerk en die wêreld in 'n sigbare koninkryk van God op aarde te verenig, waarin die pous, naas God, die hoogste gesag sou besit. Die Roomse Kerk se bemoeienis met wêreldsake het tot die verwaarlosing van die verkondiging van die evangelie gelei. Dit het ook tot botsings met wêreldse heersers aanleiding gegee.

Die geestelike verval in die Roomse Kerk was grootliks te wyte aan die geestelike onkunde van die breë volksmassa gedurende die Middeleeue. Hulle kon nie die amptelike Bybel, die Vulgata, wat in Latyn geskryf is, lees of verstaan nie. Hulle moes vir die lees en verklaring van die Bybel geheel en al op die biskoppe staatmaak. Die pous het daarop aanspraak gemaak dat net hy alleen die Bybel reg kon verstaan en interpreteer. Die kennis van God en sy Woord het oppervlakkig geword.

Die kerk was nou nie meer 'n gemeenskap van gelowiges nie, maar 'n rangorde waarin die gewone lidmate moes glo en doen wat die kerk deur sy ampsdraers geëis het. Die Skrifwaarhede is verdraai. Dit is met heidense bygelowe en wêreldse idees vermeng. Van die vernaamste bygelowe en dwalinge was die verering van die heiliges en heilige voorwerpe. Die heiliges is beskou as die uiters gelowige en verdienstelike mense soos Maria, die moeder van Jesus. Ook was daar die afgestorwe biskoppe en pouse wat na hulle dood deur die pous as heilig verklaar is. Dan moes die gelowiges hierdie sogenaamde heiliges in gebed aanroep om vir hulle by God voorspraak te doen. Heilige voorwerpe wat aan heiliges behoort het of van heilige plekke afkomstig was, soos stukkies van Jesus se kruis of kledingstukke van martelare, is deur die Roomse Kerk beskou as iets magies wat mense teen ongeluk en teëspoed sou beskerm.

Die prediking is al hoe meer verwaarloos. Die sakramente is oorbeklemtoon en tot sewe aangevul, naamlik die doop, die opname tot lidmaat, die mis en kommunie, die biege, die huwelik, die priesterwyding en die sakramente van die sterwendes. Die Bybel leer egter dat Jesus net die sakrament van die Doop en die Nagmaal ingestel het.

Die aflaatstelsel het ook algemene gebruik geword. Volgens dié stelsel het jy net 'n sekere bedrag geld by die Roomse priester betaal, jou sonde bely, en hy het jou vrygespreek.

Die hoogtepunt in die verval van die Roomse Kerk word bereik in die 14de en 15de eeu toe die pous en ampsdraers se lewens oorheers is deur geldsug, rykdom, prag en praal. Die kerk het nie meer die evangelie verkondig nie. 'n Geweldige stryd het begin woed waarin die pouse en hulle aanhangers mekaar beveg het. Geweldpleging het plaasgevind waarin kloosters afgebrand is en moord en verraad gepleeg is. En steeds het die pous daarop geroem dat hy 'n ware verteenwoordiger van Christus op aarde is.

Al hoe meer mense het besef dat die kerk hervorm moes word. Die dwaalleer van die pous en die kerk het al hoe duideliker geword. Al hoe meer gelowiges het deur studie aan die universiteite verstandelik ontwikkel. Meer mense kon die Bybel lees en bestudeer en het 'n hervorming van die kerk geëis. In Engeland het John Wicliff, 1324-1384, die pousdom aangeval. Hy het die geldsug veroordeel. Wicliff wou die kerk suiwer van alles wat nie Bybels was nie, naamlik die leer van die vagevuur, die aflaat, die aanbidding van die heiliges, heilige voorwerpe, en beeldeverering, die priesterwyding en die laaste salwing, asook die leer van die Roomse Kerk wat sê dat by die nagmaal die brood en wyn werklik liggaam en bloed van Christus word. Bo alles was hy gekant teen die leer dat die pous Christus se plaasvervanger op aarde sou wees. Wicliff het dit duidelik gestel dat slegs Jesus Christus die hoof van die kerk is. Wicliff het die Bybel in Engels vertaal en predikers uitgestuur om die evangelie aan die volk te verkondig. Wicliff is as 'n ketter uitgeskel. Gelukkig het die Engelse koning verhinder dat hy doodgemaak is.

In Praag in Boheme het Johannes Hus, 1369-1415, Wicliff se geskifte bestudeer. Hy het Wicliff se gedagtes ondersteun. Hy wou ook dat die gewone gelowige by die nagmaal uit die beker drink. In die Roomse Kerk drink net die priester namens die gelowiges uit die beker. Hus is as ketter verklaar en is lewendig verbrand.

Daar was ook hervormingspogings deur verskillende konsilies. In 1409 het daar in Piza, 'n Italiaanse stad, honderde geestelikes en kerklike verteenwoordigers bymekaargekom om te probeer om die kerk te hervorm. Dit was om te besin hoe die probleem van kerkskeuring opgelos kon word. Daar is gehoop dat so 'n konsilie, beter bekend as 'n algemene kerkvergadering, die kerk sou red. As voorwaarde is gestel dat die pous hom aan die gesag van die konsilie moes onderwerp. Hoewel daar weer in 1431-1449 'n konsilie in Basel gehou is, het die Roomse Kerk geen verandering uitgevoer nie. Nog minder het die pous hom aan die besluit van die konsilie gesteun. Dit het tot 'n tragiese gevolg in die kerk se geskiedenis gelei. Die Roomse Kerk wou nie buig voor God se Woord nie. Byna 'n eeu later het die kerkskeuring wel plaasgevind.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

- Elke kind kry geleentheid om te vra dat daar oor 'n spesifieke saak gebid word.
- Twee of meer vrywilligers bid, veral oor genoemde sake.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat hulle vertel wat hulle en hulle gesinslede gesê het oor die verskil tussen welsynswerk en barmhartigheidsdiens. (*Ongelowiges kan welsynswerk doen, maar net gelowiges kan barmhartigheid verleen soos Jesus dit gedoen het. Barmhartigheid is elke gelowige se opdrag – God verwag dit. Welsynswerk is vrywillig. Barmhartigheid is ’n opdrag, en ’n gelowige moet dit doen.*)
- Vind uit wat hulle besluit het om uit dankbaarheid te gaan doen.
- Kontroleer of hulle die volgende teks ken: *Nie elkeen wat vir My sê: ‘Here, Here,’ sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is (Matteus 7: 22 en 23).*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Die kerk bestaan uit gewone mense. Mense kan baie maklik dwaal en die Bybel verkeerd interpreteer. Om verantwoordelik kerk te wees, moet die kerk haarself altyd toets aan die Bybel, en as dit nodig is, hervorm.

IETS INTERESSANT

Maak ’n bondige opsomming van MEER INLIGTING en dra die inhoud lewendig en gevoelvol aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

- Haal die tien belangrikste feite uit jou opsomming en laat die kinders dit in hulle boeke neerskryf.
- Lees 2 Timoteus 3: 14-17 en laat hulle vers 16 memoriseer:

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek...

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders 2 Timoteus 3: 14-17 lees en die volgende vrae in hulle boeke beantwoord. Gee hulle ’n paar minute kans. Help hulle reg waar nodig.

- Waarby moet Timoteus bly? *Hy moet bly by wat hy geleer het.*
- Wat kan die heilige Skrif vir Timoteus alles leer? *Die kennis wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus.*
- Wie het die Heilige Skrif geïnspireer? *God het die hele Skrif geïnspireer.*
- Watter waarde het die heilige Skrif? *Om in waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel, en ’n regte lewenswyse te kweek.*

BY DIE HUIS

DOEN

Laat die kinders en die gesin saam gesels oor die waarde wat die Bybel vir hulle as gesin het. Laat elkeen gaan neerskryf wat sy of haar gunsteling Bybelvers is. Laat hulle vir mekaar vertel waarom dit so is.

Laat hulle –

- met die dominee skakel en vir hom of haar vra om in twee sinnetjies te sê waarom die kerk voortdurend moet hervorm; en
- in hulle boeke neerskryf wat die dominee gesê het.

LEER

Laat hulle die woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis leer.

AFSLUITING

Lees of sing die woorde van Gesang 271: 2 as gebed.

*Heil'ge Jesus, hoor my bede:
Hervorm my hart, my krag, my rede;
maak my al meer u beeld gelyk.
Vorm my wil en ook my wandel,
dat in my denke, spreke, handel
in alles slegs u beeld sal blyk.
Herskep opnuut, o Heer,
my lewe tot u eer.
Heil'ge Jesus,
o heilig my,
wil U my lei
om my geheel aan U te wy. Amen.*